# Rooted Deel 1:
# Die Woord van God

shofar

(Matt 13:5-6) En 'n ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, **omdat daar geen diepte van grond was nie**; maar toe die son opgaan, is dit verskroei, **en omdat dit geen wortel gehad het nie**, het dit verdroog.

shofar

(Joh 15:4-5) **Bly in My**, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. **Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug**; want sonder My kan julle niks doen nie.

(2 Tim 3:10-11) MAAR jy het my navolger geword in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid, vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochíë, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos.

shofar

(2 Tim 3:12-14) En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word. Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word. <u>**Maar bly jy in wat jy geleer het**</u> en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,

shofar

(2 Tim 3:15-14) en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en **is nuttig** tot **lering**, tot **weerlegging**, tot **teregwysing**, tot **onderwysing** in die geregtigheid, **sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.**

shofar

(Fil 3:8) ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, **want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.** Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry

(Fil 3:12) Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak **<u>omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het</u>**.

shofar


“Ek is gewortel in die Woord want ek begeer bo alles om die God te ken wat my gered het.”
shofar